

11 Maart

**Skrifgedeelte: Psalm 1**  
**Fokusgedeelte: Psalm 1:2**  
**HK, Vraag 70**

### **Lewende gelowiges**

Op ons familieplaas staan 'n vyeboom vlak langs die leivoor. 'n Klein entjie anderkant die draad staan 'n trassiebos, troosteloos in die vaal en yl landskap. Die pragtige groen blare en heerlike sappige vrugte vorm 'n skrilte kontras met die warm, dor omgewing. Sonder die water sou die vyeboom nooit daarin geslaag het om so pragtig lowergroen te wees en sulke sappige vrugte te dra nie. So is 'n ware gelowige. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is (Eseg 47:12).

Van hierdie wonderlike geestelike lewe vertel die doop met die sprekende beeld: water! In die Bybel word water dikwels gebruik as simbool van die reinigende bloed van Christus én van die Heilige Gees wat lewe skenk (Eseg 36:25-27; Joh 3:5, 6; Joh 7:38, 39; 1 Joh 5:6-8). Dit hoort bymekaar: vergifnis van sondes en 'n nuwe lewe tot eer van God. Vir jou as gedoopte bring dit 'n groot verantwoordelikheid. Jy moet sorg dra dat jy nie deur 'n slordige lewe die Heilige Gees bedroef (Ef 4:30) of teëstaan (OAV: "uitblus" – 1 Tess 5:19) nie. Ons is figuurlik met die bloed van Christus en die Heilige Gees gedoop (Hand 1:5). Dit gee God uit genade. Nou bly dit jou verantwoordelikheid om met die Gees vervul te word (Ef 5:18). As die Heilige Gees jou lewe beheers, bepaal Hy jou gedrag. Dan alleen is jy in staat om in gehoorsaamheid tot eer van God te lewe (Gal 5:16-25). So word die beeld van die boom wat by waterstrome groei en vrugte dra 'n heerlike werklikheid.

*Ds. APC Duvenage (Emeritus)*

~~~~~